LES 3: Hersieningsoefening: Besigheidstrategieë

Beantwoord die volgende vrae:

1.Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Laborie Druiwe plaas verskaf druiwe aan plaaslike vrugte handelaars sowel as aan Vermeulen Wynvervaardigers wat hoofsaaklik wyn vir die uitvoermark vervaardig , asook aan plaaslike drankwinkels soos AM Bottle Stores en Piet se Drankwinkel verskaf.

1.1 Verduidelik hoe Vermeulen Wynvervaardigers vertikale integrasie kan toepas. Met verwysing na die scenario hierbo, watter soort vertikale integrasie kon hulle toegepas het? (4)

1.2 Beskryf hoe Horisontale integrasie toegepas word. Vrwys na inligting uit die gevallestudie om jou antwoord te ondersteun (4)

2. Verduidelik die DRIE soorte Defensiewe strategieë wat deur besighede geimplementeer kan word.

(9)

3. Voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul

3.1 Produkontwikkeling behels deurlopende …….. om gereeld nuwe produkte te onwikkel om aan bestaande markte bekend te stel.

3.2 Ondernemings wil deur middel van ……..meer van sy bestaande produkte aan sy bestaande markte verkoop , deur pryse te verlaag

3.3 .Shoe City in die Wes Kaap bemark nou ook hul skoene in ander provinsies soos Gauteng , Oostelike Provinsie ens.Dit staan bekend as ……. Ontwikkeling. (6)

4. Onderskei tussen Konglomeraat en Konsentriese Diversifikasie. (4)

5. Verskaf advies aan besighede oor die belangrikheid van Intensiewe strategieë

(3x2=6)